VOLUME 2/2009

NOVEMBER 2009

STRUISIEBONDER

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

# OFFICIA TUA DILIGIMUS VIR JAPIE GOUWS

Die Struisiebond van Hoërskool Oudtshoorn het tydens die afgelope prysuitdelingsfunksie hul gesogte eretoekenning aan mnr. Japie Gouws, Besturende Direkteur van die ATKV Groep, gemaak. Dié toekenning, **Officia Tua Diligimus,** is vanjaar vir die sewende keer toegeken. Vorige ontvangers was Alan Knott-Craig, Christopher Knott-Craig, Proff. Walter Claassen en Piet Naudé, Arthur Gillis en Wilma van der Bijl. Die toekenning se betekenis is "ons erken die prestasie wat u deur harde werk bereik het"

Japie Gouws is op Aberdeen gebore en matrikuleer in 1972 aan die HS Oudtshoorn. Op 'n vraag aan Japie wat vir hom uitstaan in sy skoolloopbaan, het hy sonder aarseling geantwoord: Alles! Op akademiese gebied was Boekhou en Handel sy groot liefde. Hy onthou veral mnr. Jurgen Schoeman, sy Boekhou-onderwyser wat by hom die liefde vir syfers gekweek het – daarvan getuig sy latere GR-kwalifikasie!

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

Op sportgebied speel hy vir die derde en tweede rugbyspanne en beoefen hy ook atletiek. Struisie- en Kwaggadag onthou hy nog baie goed! Terwyl hy by Sanlam gewerk het, verwerf hy sy B.Rek deur buitemuurse studie aan die Universiteit van Stellenbosch. Daarna behaal hy sy Honneurs-graad aan RAU [UJ] en slaag ook kort daarna die gesogte GR-eksamen.

Sy professionele loopbaan loop deur die OTK, Klein Karoo Koöperasie en Senwes, waarna hy sy eie sakebelange in die Suid-Kaap vestig. Vanaf 1 Junie 2009 beklee hy die uitdagende posisie as Besturende Direkteur van die ATKV-groep. Hy dien op verskeie direksies waaronder ook dié van die Aardklop Kunstefees op Potchefstroom.

Japie se belangstellings sluit in musiek [Cat Stevens, Bob Dylon], films [hy besit een van die grootste privaatversamelings in die land], boeke, reis, gholf en portwyn!

Die Struisiebond, Hoërskool Oudtshoorn en alle Struisies eer Japie Gouws vir sy besondere bydrae tot die handel en ook die kultuur.



**Mnr. Japie Gouws**

**Per Laborem Ad Astra**

## IN HIERDIE UITGAWE



| | |
|---|---|
| Uit die pen van die voorsitter | 2 |
| TOP 100 School | 2 |
| Taalbond-Eerste vir Struisies | 3 |
| Memory Lane | 3 |
| Chris Schutte | 3 |
| Struisie Krieket Presteer | 4 |
| Die Burger-kampioene | 4 |



**Vir die 2010-kalender...**

**6 Mrt TTi-TOUCHIES**

**1-8 Apr KKNK**

**2-6 Aug JEUGKUNS- & FOTOWEEK**

**14 Aug STRUISIEDAG**

**22 Sept MATRIEKAFSKEID**

**23 Okt STRUISIES GHOLFDAG**

# *Uit die pen van die voorsitter...*



MANIE OLIVIER

Wat 'n vol jaar was dit nie! Vir my as ouer van 'n Struisie-matrikulant des te meer. Dit was egter vir my 'n wonderlike paar jaar as voorsitter van Struisiebond en soos dit enige goeie voorsitter betaam, maak ek graag plek vir vernuwing.

Die voorstel is om Struisiebond ten volle onder beheer van oudStruisies te plaas met die skool wat net logistiek ondersteun. Ek doen dus 'n beroep op alle plaaslike oud-Struisies om hul gewig agter hul oudskolierebond in te gooi en dit 'n reuse sukses te maak.

Ek sal altyd daar wees om as oudStruisie my deel by te dra.

Manie Olivier

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

# TOP 100 GOVERNMENT SCHOOLS

Congratulations to **OUDTSHOORN HIGH SCHOOL** for being identified as one of the top 100 schools in South Africa according to a survey done by the University of the Witwatersrand on behalf of the Sunday Times.

The survey was based on the results of the matric results of 2008, the first graduates of the new curriculum. This survey considered academic achievement and determined the school's merit on the basis of the following 5 factors:

- **Matric pass rate**
- **Percentage of pupils with a university entrance pass**
- **The average number of A symbols**
- **The number of mathematics candidates achieving over 50%, as a percentage of all candidates at the school**
- **The number of science candidates achieving over 50%, as a percentage of all candidates at the school.**

**Thank you to our staff, learners, parents and all other Struisie supporters: we couldn't have done it without you! Thank you to all the ex-Struisies that helped to lay the foundation over many**



TOP SA SCHOOL ENTRANCE

Struisiebond

wens almal
'n geseËnde kersfees
&
Voorspoedige nuwe jaar toe

# MEMORY LANE...



## DIÉ SEKRETARESSE...

Oor al die jare was Hannie altyd daar...
Dié sagte stem het die woede menigmaal gerem...

Sy kan luister, hoor, praat en bel.
Alles gelyk en sonder skel!

Ons bring hulde aan tannie Hannie
Die tweede moeder vir menige Jannie!

## TAALBOND-EERSTE VIR STRUISIE

Olga Johnson, matriekleerder, behaal 'n algehele eerste plek in die landwye Tweetaligheid-seksamen, ook bekend as die Taalbondeksamen. Dit is 'n eerste keer in die skool se geskiedenis en ons is voorwaar trots op hierdie uitstaande prestasie.



Struisiebond wens haar alle sukses toe met haar studies.

# KORT NUUS ...

Our condolences with the passing of the following ex-Struisies - we honour your memory:

- Niel Slabbert (1969)
- Pieter de Jager (1974)
- Aletta Olivier (1983)
- Brendan Green (1989)
- Excell Ehlers (2006)

- **Rebecca [French] Domingo has been appointed full-time lecturer in German at Rhodes University.**
- **Martin Goussard is pas as Streekshoof: Ouditering by KPMG in Kaapstad aangestel.**

**Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm**

**Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za**

## CHRISTO SCHUTTE MADE THE GRADE!

Chris was born on 24 September 1960 in Oudtshoorn and matriculated from Oudtshoorn High School in 1978. He is married to Reinette and they have 2 children.

Chris was appointed as Chief Executive Officer of Astral Foods on 1 May 2009. He holds an MBA & F Diploma (Wits Business School) and an EDP Diploma (GIMT). Chris has 25 years experience in the poultry and egg production environment. He joined Meadow Feeds, a subsidiary of Astral Foods, in May 2002 as Manager for the Chain Store Trade.




He was appointed Sales & Marketing Director in March 2003 and in July 2004, he was promoted to the position of Managing Director of the Animal Feed Division. Chris served as a Director of Tiger Animal Feeds (Zambia) and was also Chairman of that Board. He represented Meadow Feeds at the Animal Feeds Manufacturing Association of SA as a Director of the Board (AFMA) until 4 September 2009 and has been Vice Chairman of AFMA from 2004 to 2009. Chris is also a member of WITS School of Business Science and Economics Board.

On 4 September 2009, Chris has been honoured with the "AFMA's Person of the Year Award". He is a member of the Alltech President's Club in the USA. Recently bestowed highest award of honour by the State of Kentucky in the USA.

Astral Foods is a listed company on the Johannesburg Stock Exchange. Recognised as nr 39 of the JSE top 100 companies. Chris is a Harley Davidson enthusiast, plays social golf and has a passion for community and family involvement.



**SPORT**


HOËRSKOOL OUDTSHOORN
HIGH SCHOOL

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620

Tel : 044-2791623
Fax: 044-2725365
Email :
struisiebond@oudhs.wcape.school.za


**STRUISIEBOND**

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## SKFD STRUISIES DIE BURGER-KAMPIOENE VIR 2009!

Struisies klop Punt [18-14], toe OP se Nico Malan [13-3] en toe Schoonspruit van die Boland in die finaal met 27-0! Baie geluk!




**ENB STRUISIEDAG 2010**
**14 AUGUSTUS**
**Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !**

## OUDSTRUISIE-KRIEKETSPELERS PRESTEER WÊRELDWYD!

OudStruisie-krieketspelers is besig om hul stempel behoorlik af te druk in Suid-Afrikaanse en Engelse krieket.

**Waldo Lategan** is as twaalfdeman gekies vir die Vrystaat Eagles teen die Engelse Toerspan. Hy is ook 'n gereelde lid van die Vrystaat Amateurspan.



SAMMY-JOE

**Sammy-Joe Avontuur** het vroeër vanjaar die SA Akademiespan in Bangladesh verteenwoordig en speel tans uithaler-krieket vir SWD en was instrumenteel in die oorwinnings wat hulle onlangs teen die WP en Lions gehad het. Hy speel ook in die winterseisoen graafskapkrieket by die Wolvershireklub in Engeland.


JURGEN

**Kerwyn Muller**, Gr. 12-leerder, het pas verneem dat hy opgeneem is in die Warrior-Akademie in Port Elizabeth.

**Jurgen Hanekom** is gekies om op die krieketskeidsregterspaneel van KSA te dien. Hy het ook vroeër vanjaar sy internasionale debuut gemaak toe hy in die Vroue Wêreldbekertoernooi in Stellenbosch as skeidsregter opgetree het tussen Ierland en Suid-Afrika.


WALDO




# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620

TEL 044-2791623 e-mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

***DUI AAN MET X / INDICATE WITH X***

**OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR** ☐ **ONDERSTEUNER / SUPPORTER** ☐ **OUDONDERWYSER / EX-TEACHER** ☐

**VAN / SURNAME :** ______________________________________________

**NOOIENSVAN / MAIDEN NAME :** ________________________________

**VOORNAME / FIRST NAMES :** ___________________________________

**ADRES / ADDRESS :** _____________________________________________

_________________________________________________________________

**KODE / CODE :** ______________

**e-pos / e.mail :** ________________________________________________

**TEL: KODE/CODE :**_________**NR/NO :**___________________________

**MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR :** ________________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

**BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE :** ☐

**DIREK / DIRECT :** ☐ **STRUISIEBOND, NEDBANK, OUDTSHOORN, 1626 020930**